



4

SESSIE VIER

EENHEID: DIE KERK EN PLAASLIKE GEMEENTE

'N OPLEIDINGSENTRUM

Elke Lid van die Kerk is in Bediening en het 'n Funksie om te Vervul

Eenheid Opdragte ([J1 2.4](#))

- Maak seker jy ken die boeke van die Nuwe Testament.
- Neem 'n gebedswandel die week.

GEESTELIKE WAARHEDE

MEMORISEERERS:

“Daarom, liewe broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie.

1 Korintiërs 15:58 (ANV)



R

BYBELSTUDIE:

In die laaste drie weke het jy ontdek dat die kerk ’n fisiese uitdrukking van God se koninkryk is en dat dit dien as ’n veilige geestelike tuiste vir Christene. Dit is egter nie net ’n nabye familie nie, maar dit is ook ’n familie met ’n missie na mense buite hierdie gesin – beide die geringste en verlore nes.

O

Hierdie week gaan ons ontdek dat die kerk ook ’n plek is waar mense opgerig en toegerus word vir bediening. Elke persoon wat deel vorm van die liggaam van Christus het ’n funksie om te vervul binne hierdie missie van Jesus. God het elke persoon op so manier gevorm dat hulle ’n unieke bydra kan maak tot die bediening van die kerk binne die gemeenskap. Die kerk was nog altyd nie net ’n organisasie nie, maar ’n lewende organisme

wat deur die Heilig Gees aangedryf word. Tog kan ’n beweging wat deur die Gees gelei word gou in chaos verander sonder enige organisasie of struktuur.

E

Maak seker dat jy aan persoonlike toepassings dink soos jy deur hierdie week se Bybelstudie gedeeltes in die Geestelike Waarhede afdeling werk. Wees spesifiek en meetbaar in jou toepassings.

P

HANDELINGE 6:1-7 – Hierdie is ’n beskrywing van wat gebeur het in die eerste kerk wat bly groei het en die behoeftes van mense binne die kerk wat al hoe meer geword het. Hierdie gedeelte bevat iets van die hart van kerk en hoe elkeen ’n funksie het om te vervul.

E

Wat was die gevolg dat die apostels al die bedieningswerk moes verrig in die kerk?

.....
.....

Wat was hulle oplossing vir die probleem?

.....
.....

Wat was die gevolg toe die apostels kon fokus op hulle taak en ander mense ook bedieningswerk verrig het binne die gemeente?

EFESIËRS 4:11-16 – In hierdie gedeelte gee Paulus ’n duidelike verduideliking vir geestelike leierskap binne ’n kerk. Hy noem verskeie posisies of kategorieë van geestelike leierskap in hierdie gedeelte en verwys na die ander mense as “heiliges” of “gelowiges”.

G

Watter vyf rolle van gesag en leierskap word in hierdie gedeelte genoem?

R

Wat was die werk van hierdie leiers?

O

Wat is die gevolg indien ’n kerk hierdie beginsels toepas?

E

Hoe pas die liggaam van Christus bymekaar en vorm dit ’n eenheid?

P

Wat dink jy is die grootste verantwoordelikheid van geestelike leiers binne die kerk? En die verantwoordelikhede van die ander gelowiges binne die kerk?

E

HEBREËRS 13:7, 17-21 – Hierdie gedeelte bevat ’n seëning in verse 20-21 wat ’n ooreenkoms het met dit wat Paulus te sê het oor die toerusting van gelowiges in Efesiërs.

Wat vra die skrywer van Hebreërs vir sy lesers om te doen vir hulle leiers (en ook vir hom)?

Wie is die eintlike Een wat toerus in hierdie gedeelte? Hoe beklemtoon hierdie gedeelte dit wat Petrus in Efesiërs skryf?

.....
.....
.....

Wat is die doel van God se toerusting volgens hierdie gedeelte? Vergelyk dit met Efesiërs 4. Hoe dra dit by tot jou begrip van die doel daarvan om die gelowiges toe te rus?



.....
.....
.....

R

1 TESSALONISENSE 5:12-13, 25 en 1 TIMOTEUS 5:17-18 – Hierdie gedeeltes beskryf iets van die gelowiges se verantwoordelikheid teenoor hulle leiers in die kerk.

Som die verantwoordelikheid van gelowiges teenoor hulle geestelike leiers volgens hierdie gedeeltes, in jou eie woorde op?

O

.....
.....
.....

E

Opsomming:

P

Die kerk is 'n fisiese uitdrukking van God se koninkryk wat dien as 'n veilige tuiste vir Christene terwyl hulle op aarde is, maar dit is ook 'n familie met 'n missie na die buite wêreld – na mense wat buite God se koninkryk is.

E

Vir 'n kerk om effektief te funksioneer as 'n veilige geestelike tuiste en as 'n familie met 'n missie na mense buite God se koninkryk, is daar baie bedienings wat binne die kerk moet plaasvind. Dink net aan al die bedienings van Jesus, die apostels, die eerste diakens en ouderlinge in die kerk. Daar is lering, bemoediging, kos, klere, opleiding en omgee aan die mense gegee. Bediening beteken bloot: *dien om om te sien na 'n behoefte*. Die vraag bestaan dan, "Hoe gaan al hierdie

bedienings uitgevoer word in 'n kerk ten einde te funksioneer as 'n veilige tuiste en 'n familie met 'n missie?

Oor die jare het die antwoord op hierdie vraag verander en waar ons onself vandag bevind, is daar een van drie antwoorde wat mense gewoonlik gee. Hierdie antwoorde het 'n direkte invloed op die rol en verantwoordelikhede van beide die ouderlinge/leiers/personeel van die kerk asook dié van die lidmate van die kerk.

Hoe Gebeur Bediening Binne Die Kerk?

Drie Sienings van Bediening	Ouderling/Leier/Personeel se verantwoordelikheid	Lidmaat se verantwoordelikheid
<p>Tradisionele Siening “Huur ’n professionele persoon”</p>	<p>Indien ’n spesifieke bediening in die kerk benodig word, is dit nodig dat ’n professionele, opgeleide predikant aangestel moet word om dit te doen.</p>	<p>Stel die korrekte predikant aan en ondersteun hulle bediening.</p>
<p>Evangeliese Siening “Plaas lidmate in bedieningsposisies”</p>	<p>Help lidmate om hulle geestelike gawes te ontdek en plaas die korrekte persone in die gepaste bedienings.</p>	<p>Ontdek hulle gawes en gebruik dit tot die beste van hulle vermoë.</p>
<p>Bybelse Siening “Rus lidmate toe vir bediening”</p>	<p>Help lidmate om hulle geestelike gawes te ontdek en rus hulle toe om effektief te word in die bediening waarvoor God hulle geroep het.</p>	<p>Ontdek hulle gawes en die plekke waar hulle dit in bediening kan gebruik terwyl hulle hulself ook blootstel om toegerus te word, om meer effektief te wees in bediening.</p>

G

R

O

E

P

E

Die tradisionele siening behels dat ’n predikant aangestel word om die werk te doen. Baie kerke werk op hierdie basis. Daar is dalk ’n kerkraad wat kyk dat die kerk funksioneer, ’n paar Sondagskool onderwysers en hier en daar ’n paar vrouens wat verantwoordelik is vir sekere dienste, maar die *eintlike* bediening word deur die predikant gedoen. Hy doen al die prediking, opleiding, hospitaalbesoeke, huisbesoeke, berading, begrafnisse, evangelisasie, geestelike versorging, ensovoorts.

Daar het egter oor die jare ’n ander siening ontwikkel waar elke lid sy/haar geestelike gawes moet ontdek ten einde binne die kerk te kan dien. Hierdie was al baie gesonder en verskeie mense het op plekke begin bedien tot die beste van hulle vermoë sonder enige opleiding, toerusting en geestelike leiding. Daar het egter tot ’n groot mate nog ’n

oortuiging bestaan dat sekere bedienings slegs bedoel is vir die predikant en byvoorbeeld, alhoewel almal êrens kan dien, wil ek hê die predikant moet my kom besoek wanneer ek in die hospitaal is en hy is die enigste een wat kan voldoen aan my geestelike behoeftes.

Efesiërs 4:11-12 sê egter: “En dít is die “gawes” wat Hy “gegee het”: apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.” Paulus maak die rolle en verantwoordelikhede van mense binne die kerk duidelik. Die geestelike leiers is verantwoordelik vir die toerusting van mense en die lidmate is verantwoordelik vir die bediening. Geestelike leiers is dus verantwoordelik om die lidmate op te rig, te leer, toe te rus en geleenthede te skep waar hulle mekaar kan dien (’n veilige

geestelike tuiste te skep) asook mense buite die koninkryk (’n effektiewe missie na mense buite die koninkryk). Die uiteinde hiervan volgens Paulus (Efesiërs 4:13) is *“werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God”* asook geestelike groei (*“’n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus”*)

Hierdie derde siening maak dat ouderlinge/leiers/personeel eerder gesien word as *leiers wat toerus* en die lidmate van die kerk word gesien as *dié in bediening*. Prediking en onderrig vanaf die leiers word dan ook gesien as geleenthede om mense toe te rus eerder as bediening, maar alle ander funksies in die kerk wat deur die lidmate verrig word, word gesien as bediening.

G

Jesus is die eintlike Hoof van die kerk, sy liggaam. Die kerk behoort aan Hom. Hy is die eintlike Een wat toerus – *“Mag dié God julle toerus met alles wat goed is, sodat julle sy wil kan doen. Mag Hy deur Jesus Christus in ons tot stand bring wat vir Hom aanneemlik is. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen”* (Hebreërs 13:21). Hy stel egter sekere leiers in sy kerk; sy fisiese uitdrukking van sy koninkryk aan – ouderlinge en leiers. Hulle is verantwoordelik om biddend en met wysheid die langtermyn visie van die kerk te bepaal en mense binne die kerk toe te rus vir bediening ten einde daardie visie en doelwitte te bereik. Die lidmate is die kerk. Hulle aanbid die eintlike Eienaar/Hoof van die kerk. Hulle eer en volg die leiding van die leiers. Hulle doen die nodige bediening ten einde die kerk ’n veilige

R

O

E

P

E

Die Bybel maak dit duidelik dat die kerk ’n liggaam is wat uit baie lede bestaan. Hierdie lede het elkeen ’n funksie (Romeine 12:2; 1 Korintiërs 12:12). God het elke persoon binne sy kerk op ’n seker manier gevorm met sekere geestelike gawes, passies, vermoëns, persoonlikhede en ervarings om ’n spesifieke rol te vervul en om ’n sekere bediening te vervul. Sien jy jouself as iemand in bediening om die mense binne en buite die kerk te dien? Weet jy wat jou geestelike gawes is en hoe God jou gevorm het vir bediening? Gebruik jy jou geestelike gawes, passies, vermoëns, persoonlikheid en ervarings om mense te dien? Maak jy gebruik van geleenthede om jouself toe te rus vir meer en effektiewe bediening?

Dink en bid vir ’n oomblik oor hierdie vrae en vra die Here om jou te help om die nodige aanpassings te maak.

tuiste en effektiewe missie na buite te maak. Hierdie word alles gedoen om mense buite die kerk te bereik. As jy in besigheidsterme dink kan God gesien word as die eienaar van die besigheid, die ouderlinge/leiers is die bestuur, die lidmate is die werknemers en die omliggende gemeenskap, besoekers en die lidmate wat ’n spesifieke behoefte het, is die klante.

Hierdie werking en siening kan egter nie effektief funksioneer as die lidmate hulself as die klante sien wat gedien moet word en hulle verwag dat die ouderlinge/leiers/personeel hulle moet bedien sonder dat hulle self bedien. Dit kan wees dat die leiers hulle nie effektief toegerus het nie, of dat hulle nie hulle denke ten opsigte van die werking van die kerk aangepas het nie.

REDIGERING EN TOEPASSING

Jy moet nou die boeke van die Nuwe Testament uit jou kop uit ken en gereed wees om hulle op te noem by julle volgende byeenkoms.

Vul die gedeelte hieronder in nadat jy gedink en gebed het oor die vrae aan die einde van die GEESTELIKE WAARHEDE afdeling. Skryf egter die siening neer wat jou *huidige lewe en optrede* demonstreer. Met ander woorde, moenie neerskryf hoe jy DINK daarvoor nie, maar hoe jy tans LEEF. Skryf die siening neer wat sigbaar is deur jou optrede en lewe.

G

Hoe Gebeur Bediening Binne Die Kerk?

Drie Sienings van Bediening	Ouderling/Leier/Personeel se verantwoordelikheid	Lidmaat se verantwoordelikheid
Tradisionele Siening “Huur ’n professionele persoon”	Indien ’n spesifieke bediening in die kerk benodig word, is dit nodig dat ’n professionele, opgeleide predikant aangestel moet word om dit te doen.	Stel die korrekte predikant aan en ondersteun hulle bediening.
Evangeliese Siening “Plaas lidmate in bedieningsposisies”	Help lidmate om hulle geestelike gawes te ontdek en plaas die korrekte persone in die gepaste bedienings.	Ontdek hulle gawes en gebruik dit tot die beste van hulle vermoë.
Bybelse Siening “Rus lidmate toe vir bediening”	Help lidmate om hulle geestelike gawes te ontdek en rus hulle toe om effektief te word in die bediening waarvoor God hulle geroep het.	Ontdek hulle gawes en die plekke waar hulle dit in bediening kan gebruik terwyl hulle hulself ook blootstel om toegerus te word, om meer effektief te wees in bediening.
My Persoonlike Siening		

R

O

E

P

E

Watter toewydings is jy bereid om te maak ten einde iemand te word wat in bediening is binne die kerk en sodoende by te dra dat die kerk effektief funksioneer as 'n veilige geestelike tuiste en effektiewe missie na mense buite die kerk?

G



O

E

P

E

ONDERSOEK

Dink na oor die onderstaande vrae voor julle volgende groepsbyeenkoms. Jy mag enige van die vrae gevra word en jy mag enige van hierdie vrae aan die mense in jou groep vra. Hierdie vrae sal jou help om jou lewe te evalueer in die lig van die waarheid wat julle hierdie week bestudeer het. Dit gee ook vir die ander groepslede die geleentheid om jou aan te moedig om ten volle vir Jesus te lewe. Skryf 'n paar punte in die spasies neer na aanleiding van julle groepsbespreking.

G

Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy hierdie week wou gee?

R

Hoe beplan jy om te reageer na aanleiding van die GEESTELIKE WAARHEDE wat jy hierdie week ontdek het?

O

Demonstreer jou lewe tans 'n toewyding aan jou plaaslike gemeente en aan bediening binne die kerk om sodoende die kerk te help om effektief te funksioneer? Verduidelik.

E

Was jy betrokke in enige aktiwiteit of verhouding waar jy 'n morele skikking ("*compromise*") moes maak?

P

Hoe getrou was jy in jou persoonlike stiltetyd?

E

Hoe gretig is jy om as 'n ambassadeur vir God te leef?

Het jy hierdie week jou opdrag in die Evangelie en Missie gedeelte voltooi?

EVANGELIE EN MISSIE

GEBED:

Jy het nou al vir verskeie weke vir mense op jou gebedslys gebid. Hou asseblief aan met 'n daaglikse gewoonte van gebed vir die geringste en verlore mense oor wie jy besorg is.

G

Hierdie week is jou EVANGELIE EN MISSIE opdrag om uit jou huis te kom en 'n gebedswandel (“*prayer walk*”) te neem. Die konsep van gebedswandel is deur groot Christene soos George Müller beoefen, wie se sending lewe gelei het tot die vestiging van weeshuise wat omgesien het na duisende weeskinders in die 19de eeu in Bristol, Engeland. Jy moet aan 'n gebedswandel dink in terme daarvan dat jy op 'n spesifieke plek vir daardie spesifieke mense wil bid. Die idee is om iewers heen te gaan in jou buurt of 'n ander buurt, 'n skool of 'n kantoorgebou en om dan spesifiek vir die mense en besighede in daardie omgewing waar jy verby loop te bid. Jy moet egter nie die fout maak om te dink dat 'n gebedswandel gedoen moet word om God se aandag te kry nie. Dit is eerder om jou bewus te maak en jou aandag te vestig op die behoeftes van die omgewing waar jy woon, werk en ontspan, en om jou te help om meer spesifiek te bid. Soos jy loop kan jou aandag gevestig raak op 'n klein gedeelte van die lewens om jou en jy kan die behoeftes sien, hoor, ruik en aanraak. Dit sal jou help om die behoeftes beter te verstaan.

R

O

E

Voordat jy 'n gebedswandel doen, beplan waarheen jy wil gaan en maak 'n tyd vas. Wanneer jy arriveer, vra God om jou oë oop te maak vir die behoeftes van die mense in die omgewing en om jou te help om meer spesifiek en opreg te bid vir daardie behoeftes. Jy kan dalk 'n paar spesifieke skrifgedeeltes saamneem (soos dié hieronder) om jou te help om jou hart en gedagtes betrokke te kry in jou gebede. Soos jy rondloop, maak seker dat jy om jou kyk, luister en bid. Wanneer jy terugkom by die huis, skryf jou ervaring op die volgende bladsy neer. Wees gereed om jou ervaring by julle volgende groepsbyeenkoms te deel.

P

“Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God.”

E

Miga 6:8

“Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie.”

Matteus 9:36

“Maar Ek sê vir julle: Kyk daar, kyk na die lande; hulle is ryp vir die oes.”

Johannes 4:35b

“Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, en sê nou een van julle sou vir hulle sê: “Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg,” maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan?”

Jakobus 2:15-16

Plek en Tyd:

Skrifgedeeltes:

G

Opsomming:

R

O

P

E



PRAAT MET GOD

“Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg. Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.”

Handelinge 2:41-42 (ANV)

G

R

Vra die Here dat Hy jou tot sy eer in bediening in jou kerk sal gebruik. Vra Hom dat Hy jou ’n persoon van gebed sal maak en iemand wat vertrouwd is met sy Woord.

O

My gebedsversoek ten opsigte van die geestelike waarheid van hierdie week:

E

My gebedsversoek ten opsigte van ’n situasie in my lewe:

P

My gebedsversoek ten einde ’n lewe van omgee en missie te leef:

E

Gebedsversoeke van ander in my groep:

EEN TREE

Na aanleiding van julle gesprekke vandag in die groep en jou studie die afgelope week, wat ervaar jy is die EEN TREE wat die Heilige Gees jou vra om te gee in jou verhouding met Jesus? Wat is die EEN ding wat jy hierdie week moet doen?

Ek gaan hierdie week...

G

R

**Maak seker jou stelling is baie spesifiek, meetbaar en evalueerbaar en indien dit 'n spesifieke tydslyn het, is dit nog beter.*

O

E

P

E